


DIE FORMATIEWE VAN DIE NAAMWOORD IN XHOSA.

d e u r

HUIBRECHT JOHANNA MARIA ENGELBRECHT.

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad B.A. Honneurs in die Departement
Bantoetale aan die Universiteit
van Suid-Afrika.

JANUARIE 1971.



UNISA
SANLAM-
BIBLIOTEEK/LIBRARY

1977-11-29

Class
Klas RV496-3711025
Access
Aanwin 614600

INHOUDSOPGAWE.

DIE FORMATIEWE VAN DIE NAAMWOORD IN XHOSA.

INLEIDING	1
<i>Inleiding.</i>	
0.1. Omskrywing van die terme gebruik	1
<i>Omskrywing van die terme gebruik.</i>	
0.2. Morfeem teenoor Formatief	1
<i>0.1. Die wenslik om die terme wat in hierdie artikel ge-</i>	
0.3. Die hoofipes formatiewe van die Xhosa- naamwoord	2
<i>Chomsky se Syntactic Structures gepubliseer is) met die ont-</i>	
DIE SINTAGMATIESE OPEENVOLGING VAN DIE FORMA- TIEWE VAN DIE NAAMWOORD	2
<i>staan van die transformasioneel-generatiewe grammatika is die</i>	
1.1. Opeenvolging van die primêre formatiewe	2
<i>gebruik van sekere linguïstiese terme skerp gekritiseer en</i>	
1.2. Die klasprefiks	3
<i>vervang deur ander - soms die deur naas die, maar deur reeds</i>	
1.3. Die primêre wortel-formatiewe	3
<i>bestaandes.</i>	
1.4. Die primêre uitgange van die naamwoord	4
<i>0.2. Morfeem teenoor Formatief:</i>	
1.5. Die sekondêre formatiewe	4
<i>Die 'morfeem' en 'morf', wat eintlik die hoof</i>	
DIE SEMANTIESE FUNKSIES VAN DIE PRIMÊRE FORMA- TIEWE VAN DIE NAAMWOORD	7
<i>linguïstiese terme was in die morfologiese en soms selfs sin-</i>	
2.0. Die klasprefikse en primêre uitgange van die naamwoord.....	7
<i>taktiese analise van 'n taal vanaf die dertiger jare, se ge-</i>	
2.1. Klas 1 <u>um-</u> en klas 2 <u>aba-</u>	8
<i>bruiksfeer is nou letwat verkeerf. Vandag word die term mor-</i>	
2.2. Klas 1(a) <u>u-</u> en klas 2(a) <u>o-</u>	9
<i>feem gebruik vir die basiese fonologiese vorm van die klein-</i>	
2.3. Klas 3 <u>um-</u> en klas 4 <u>imi-</u>	11
<i>ste betekenisvolle onverdeelbare deel van 'n woord. Hierteen-</i>	
2.4. Klas 5 <u>ili-</u> en klas 6 <u>ama-</u>	14
<i>oor word met die gebruik van die term 'formatief' die fonolo-</i>	
2.5. Klas 7 <u>isi-</u> en klas 8 <u>izi-</u>	19
<i>giese vlak links geset. Daar is besluit op ig. term vir</i>	
2.6. Klas 9 <u>in-</u> en klas 10 <u>i(z)in-</u>	21
<i>hierdie artikel, omdat die fonologiese aspekte van die forma-</i>	
2.7. Klas 11 <u>ulu-</u>	24
<i>tiewe van die naamwoord in Xhosa nie behandel sal word nie.</i>	
2.8. Klas 14 <u>ubu-</u>	25
<i>Om dieselfde rede sal van die term 'formatiefvariant' i.p.v.</i>	
2.9. Klas 15 <u>uku-</u>	26
<i>'allomorf' gebruik gemaak word.</i>	
2.10. Klas 16 <u>pha-</u> , klas 17 <u>uku-</u> en klas 17(a) <u>uku-</u>	27
<i>Grammatikas wat handel oor die S.A.-Bantoe-tale ge-</i>	
GEVOLGTREKKING.	
<i>bruik oor die algemeen die term formatief, vgl Cole se Tswana</i>	
3.1. Die Sintagmatiese opeenvolging van die primêre formatiewe van die naamwoord in Xhosa.....	27
<i>Grammar; Doke se Textbook of Zulu Grammar; Ziervogel se A</i>	
3.2. Die plek van die Sekondêre formatiewe	28
<i>Grammar of Swazi, alhoewel sy in sy Handbook van Noord-Sotho</i>	
3.3. Die semantiese funksies van die klasprefikse en die uitgange van die naamwoord	28
<i>n register van morfeme aanges. Louw se siening i.v.m. die</i>	
LYS VAN AANGEHAALDE EN GERAADPLEEGDE	
<i>gebruik van die terme is ondubbelsinnig: "in the linguistic</i>	
PUBLIKASIES	31
<i>study of several Bantu languages it has become clear to me</i>	
(1) Louw, Tafelsette, 1968, Deel 3, p.17.	
<i>that it is very unsatisfactory to use the term morpheme on</i>	
(2) Ibid., p.22.	
<i>other than a phonological level" en verder aan it</i>	
<i>would be better to refer to these as formatives.</i>	

DIE FORMATIEWE VAN DIE NAAMWOORD IN KHOSA.

Inleiding.

Omskrywing van die terme gebruik.

0.1. Dis wenslik om die terme wat in hierdie artikel gebruik gaan word, kortliks te omskryf. Van ongeveer 1957 (toe Chomsky se Syntactic Structures gepubliseer is) met die ontstaan van die transformasioneel-generatiewe grammatika is die gebruik van sekere linguistiese terme skerp gekritiseer en vervang deur ander - soms nie deur nuwes nie, maar deur reeds bestaendes.

0.2. Morfeem teenoor Formatief:

Die 'morfeem' en 'morf', wat eintlik die hoof linguistiese terme was in die morfologiese en soms selfs sintaktiese analise van 'n taal vanaf die dertiger jare, se gebruik is nou ietwat verskuif. Vandag word die term morfeem gebruik vir die basiese fonologiese vorm van die kleinste betekenisvolle onverdeelbare deel van 'n woord. Hierteenoor word met die gebruik van die term 'formatief' die fonologiese vlak links gelaat. Daar is besluit op lg. term vir hierdie artikel, omdat die fonologiese aspekte van die formatiewe van die naamwoord in Xhosa nie behandel sal word nie. Om dieselfde rede sal van die term 'formatiefvariant' i.p.v. 'allomorf' gebruik gemaak word.

Grammatikas wat handel oor die S.A.-Bantoetale gebruik oor die algemeen die term formatief, vgl Cole se Tswana Grammar; Doke se Textbook of Zulu Grammar; Ziervogel se A Grammar of Swazi, alhoewel hy in sy Handboek van Noord-Sotho n register van morfeme aangee. Louw se siening i.v.m. die gebruik van die terme is ondubbelsinnig: "In the linguistic study of several Bantu languages it has become clear to me that it is very unsatisfactory to use the term morpheme on other than a phonological level⁽¹⁾ en verder aan "..... it would be better to refer to them as formatives,"⁽²⁾.

(1) Louw, Taalfasette, 1968, Deel 5, p.17.

(2) Ibib., p.22.

0.3. Die hoofstipes formatiewe van die Xhosa-naamwoord.

By die Xhosa-naamwoord word drie hoofstipes formatiewe aangetref, nl.

- (a) die prefigale formatiewe. - Dit sluit in alle voorvoegsels wat betrek word by die vorming van die naamwoord;
- (b) die wortel formatief, ook bekend as die radikaal of kern. Dit is dié deel van die naamwoord waaróm en waaróór die woord-aspekte gerangskik word en wat die essensiële van die woord is en daarom nooit afwesig kan wees nie;
- (c) die suffigale formatiewe. - Dit sluit in alle uitgange en agtervoegsels wat betrek word by die vorming van die naamwoord.

Hierdie drie hoofstipes formatiewe kan vervolgens gevind word in:

- (a) die primêre formatiewe wat insluit die preprefiks/voorvoekaal en die prefiks (wat saam die klasprefiks vorm), primêre wortels en sekere 'eenvoudige stamme' en die uitgange van die naamwoord;
- (b) die sekondêre formatiewe wat prefikse (uitgesonderd die klasprefikse), infikse, sekondêre stamme en suffikse insluit;
- (c) die tersiêre en kwartêre formatiewe wat suffikse insluit en veral voorkom by die vorming van saamgestelde nomina en deverbatiwede naamwoorde wat van afgeleide ww.-stamme gevorm word.

In hierdie artikel sal hoofsaaklik ingegaan word op

- (1) die sintagmatiese opeenvolging van die primêre formatiewe en sekondêre formatiewe.
- (2) Die semantiese funksies van die primêre formatiewe sal kortliks nagegaan word.

Die Sintagmatiese opeenvolging van die formatiewe in die naamwoord.

1.1. Opeenvolging van die primêre formatiewe.

Die Xhosa-naamwoord word morfologies gekenmerk deur

die struktuurelemente 'klasprefiks + stam' d.w.s. die klas-prefiks moet onmiddellik deur die stam gevolg word.

1.2. (a) Die Klasprefiks. > ubukhulu (grootheid)

(b) Die onderskeie klasprefikse word voor die nw.-stamme gevoeg om die sewentien verskillende nw.-klasse wat in Xhosa voorkom grammaties te onderskei en terselfdertyd) ook semantiese funksies te verrig. Die voorvokaal van die klasprefiks kan weens sy sintaktiese funksie as n aparte formatief aanvaar word. Dit word onmiddellik gevolg deur die werklike klasprefiks. -o en -u uitgange. Hierdie uitgange

1.3. (a) Die primêre wortel-formatiewe. stam te vorm om sodoen-

de saam n Die wortel-formatief van die naamwoord volg onmiddellik na die klasprefiks. Die primêre wortel-formatiewe van die naamwoord is: naamwoord kan dus voorgestel word as:

(a) die outonome nominale wortels wat eie is aan die naamwoord en slegs gebruik kan word om naamwoordstamme te vorm. Op hul beurt kan dié stamme ingedeel word in:

- (1) enkellettergrepige stamme soos bv. -ntu
- (2) tweelettergrepige stamme soos bv. -donga
- (3) meerlettergrepige stamme soos bv. -nqanawa


(b) 'Eenvoudige stamme' wat ook nog onder die primêre formatiewe kan resorteer. Dit is sekere stamme wat elders as outonome lede van ander woordklasse gevind word. Die term 'eenvoudige stam' sal vir hierdie tipe stamme gebruik word. Volgens D.P. Lombard is n eenvoudige stam in die geval van deverbatiwe „n stam wat n eenvoudige basis bevat.“⁽³⁾ Met n eenvoudige basis word bedoel een wat slegs uit n kern (wortel) bestaan. Dit is myns insiens van toepassing op alle ander woordklasse waar n eenvoudige basis aangetref word. Die formatiewe wat op dié basis by die primêre wortel-formatiewe van die naamwoord kan ingesluit word, is:

(3) Lombard, 1969, p.2 par. 1.1.2.

- (1) Verbumstamme bv. -fa (sterf) > umfi (die oorledene)
- (2) Kwalifikatiewe stamme:
 - (a) -khulu (groot) > ubukhulu (grootheid)
 - (b) -banzi (wyd) > ububanzi (wydte)
- (3) Adverbiale stamme phakathi (binnekant) > umphakathi (handpalm)
- (4) Ideofoniese stamme nga (verrassend) > ingqa (n verras-

1.4. Die primêre uitgange van die naamwoord sluit in; die -a, -e, -i, -o en -u uitgange. Hierdie uitgange word aan die wortel gesuffigeer om die stam te vorm om sodoen- de saam met die klasprefiks n volledige naamwoord te vorm.

Die sintagmatiese opeenvolging van die primêre formatiewe in die naamwoord kan dus voorgestel word as:



1.5. Die Sekondêre formatiewe: Alleenlik die plek wat die sekondêre formatiewe inneem in die naamwoord word aangedui.

6. Die identifiserende kopulatiewe formatiewe wat voor
 A. Sekondêre prefikse - d.w.s. sekondêre formatiewe wat aan die naamwoord geprefigeer word. Hulle sluit in:

- 1. die possessiewe formatiewe, bv. umzi wa + indoda > umzi wendoda (die stat van die man)
 - 2.(a) die konnektiewe na-, bv. umfazi nomntwana (die vrou en die kind)
 - (b) die inklusiewe formatief kwa-, kenmerkend van Xhosa, wat tot n groot mate na- vervang om self/ook te beteken bv. kwa-umfana uyagoduka (ook die seun gaan huis toe)
- Hulle kan ook as in- gebruik word en die nominale etem ingevoeg word of tussen die aanvangsvokaal en die werklike prefiks. Hulle sluit in:
- 5./
- 6./

3. nga- met (a) betekenis van tyd, bv.

nga- + umso (oggend) > ngomso (môre)

(b) lokatiewe betekenis, bv.

ndayame ngodonga (ek leun teen die muur)

(c) adverbiale instrumentale betekenis, bv.

nga- + uluthi ngoluthi (deur middel van n stok)

4. Ander lokatiewe formatiewe bestaande uit:

(a) die prefigale formatief e-, bv. eKapa (in Kaapstad).

(b) die prefigale formatief kwa-, bv. kwaLanga (by Langa)

(c) die prefigale formatief ku- met variante k- en kw-, bv.

(1) kumalume (by my oom)

kwimizi (by/in die statte)

kobawo (by my vaders)

5. Die samegestelde prefigale formatiewe njenga- kuna- en nganga-, bv.

njengedada (soos n eend)

.... ngangenkomo (... so groot soos n bees)

Ligijima kakhulu kunenkomo (Hy hardloop vinniger as n bees).

6. Die identifiserende kopulatiewe formatiewe wat voor aan die volledige naamwoord geprefigeer word om die identifiserende kopulatiewe te vorm, bv.

ng- + abantu > ngabantu (dis mense)

Hierdie prefigale formatiewe word onmiddellik voor aan die naamwoord aangevoeg en kan alleenlik in dié posisie hul semantiese funksie verrig.

B. Infikse gebruik as sekondêre formatiewe. -

Hulle kan óf die werklike klasprefiks vervang en dus tussen die aanvangsvokaal en die nominale stam ingevoeg word óf tussen die aanvangsvokaal en die werklike prefiks. Hulle sluit in:

-No-, -no-, -So-, -Ma- en -bu-. Laasgenoemde word altyd saam met die sekondêre suffiks -ra gebruik, bv.

uNobantu (geliefde, let. moeder van die mense)

unoxesha (tweedehandse klere) < u- + -no- + -xesha

uSomandla (Die Almagtige, let. vader van mag)

uMaDlamini (MaDlamini, let. dogter van Dlamini)

le ndoda ibunkosira (hierdie koninklike man)

(wederstrewige perd/koei).

C.) Suffikse gebruik as sekondêre formatiewe. -

Hierdie suffigale formatiewe kan alleenlik hul semantiese funksie verrig wanneer hul aan die naamwoord stam of in sommige gevalle aan die wortel, gesuffigeer word. Hulle sluit die volgende in:

(1) die lokatiewe suffigale formatief -ini wat altyd saam met die prefigale lokatiewe e- in bepaalde gevalle voorkom, bv. e- + -mthi + -ini > emthini (in/by die boom)

(2) die diminutiewe suffiks -ana of die verdubbeling daarvan -anyana, bv. injana (klein hond), injanyana (klein hondjie).

(3) die suffigale formatief -(k)azi, bv. injakazi (teef).

(4) die samegestelde formatief -(k)azana, bv. inkosazana (prinses).

(5) die suffigale formatief -ndini: mfondini! (maat!)

2.0. (6) suffigale formatiewe wat uit Hottentots in Xhosa opgeneem is en as sekondêre suffigale formatiewe by die vorming van naamwoorde optree, is:

(a) die uitgang -kha van die dualis masculinum, in Xhosa as -ka gebruik, bv. ikhoboka (slaaf).

(b) Die pluralis masculinum -gu wat in Xhosa as -go of -gu voorkom, bv. ixhego (ou man); iqegu (pakos).

(4) Ziervegel, 1952, p. 27(c).

(5) Ibid., p.209, par. 333.

(c) Die singularis femininum suffiks -sa wat in Xhosa as -a voorkom, bv. igusha (skaap).

(d) Die adjektief uitgang -xa kom in Xhosa as -ra voor en kan ook as suffiks by nomina gebruik word. Dié formatief is reeds onder (B) genoem.

(e) Die verbale suffiks !a wat n voortdurende participium aandui, kan ook by naamwoorde gebruik word, bv. injubaqa (wederstrewige perd/koei).

(7) Die verbale suffiks -sha veral gebruik tydens die eerste kontakfase met Europese tale om verbale leenwoorde te vorm, word as -sho/-she/-shi suffikse by nomina gevind, bv. umbodoloshi (moeilike persoon); ibodoloshe (n geneul); ubedesho (gebed).

D. Die enklitiese formatiewe soos -nye, -ni en nje word nie betrek by die sekondêre suffigale formatiewe nie, want die sienswyse van Ziervogel oor die formatiewe in Swati onderskryf ek vir Xhosa: "They are stems which have degenerated to suffixes but have as yet not acquired the suffixal characteristic of affecting the stress of the word to which they are added."⁽⁴⁾ (beklemtoneing deur my) en verder aan sê hy: "The enclitic does not form part of the word in the same sense as a suffix does."⁽⁵⁾

Die Semantiese funksies van die primêre formatiewe van die naamwoord.

2.0. Die klasprefikse en primêre uitgange van die naamwoord.

Die numering van die klasprefikse is volgens Meinhof. Die bespreking van hul semantiese funksies sal op n sinchroniese basis geskied en hul variante word aangedui. Alleenlik waar n graad van verskil in semantiese betekenis voorkom, word die variante bespreek.

(4) Ziervogel, 1952, p. 27(c).

(5) Ibid., p.209, par. 333.

uitsenderi: Sommige taalkundiges wil by elke volle klasprefiks of by die werklike klasprefiks die zero- of nulvariant bring - (vgl. Jordan⁽⁶⁾). Myns insiens is die nulvariant as sulks slegs by die aanvangsvokaal (wat n outonome formatief is) te vind wanneer dit semanties en sintakties vereis word soos o.a. by die vokatief en die aksiomatiese negatief.

Andersins beskou ek die weglating van n deel van die werklike klasprefiks nie as n nulvariant, maar slegs as nog n variant van so n prefiks wat die gevolg is van die fonologiese wette van Xhosa. Het hul meervoud egter in die aba- klas daarom

2.1. thu, Klas 1. um- [um-] en klas 2. aba-, [aba- ~ aba- ~ ab-]

semantiese Hierdie twee klasse word saam bespreek aangesien kl. 2 die meervoud van kl. 1 aandui en daarom dieselfde semantiese betekenis dra as kl. 1 behalwe dat dit 'meer as een' aandui.

Die twee klasse wys op persone daarom ook dat na die um- en aba- klas verwys word as die mensklas. Die persone of mense na wie in die klas verwys word is: die klas aangetref, met die

1. Doodgewone alledaagse persone soos umntu - abantu (Mens(e)); umhloho - abahlobo (vriend(e)).

2. Persone wat alledaagse handeling uitvoer, ambagte of beroepe beoefen, d.w.s. mense wat nie uitermate bedrewe is nie, hetsy in n goeie of derogatiewe sin in hul werk, pligte en optrede. Na aanleiding hiervan kan verwag word dat baie deverbatiwe in die twee klasse sal voorkom.

- umakhi (bouer(s)) < - akha (bou)
- umfundi (leerling(e)) < - funda (leer)
- umzali (ouer(s)) < - zala (genereer)
- umsebenzi (werker(s)) < - sebenza (werk)

Omdat dié nomina op handelende persone dui word die uitgangsvokaal -a van die verbum vervang met -i, die sogenaamde persoonlike deverbatiwe uitgang.⁽⁷⁾ Daar is egter

(6) Jordan, 1966, pp. 52 - 56.

(8) Kropf - Godfrey, 1913, p. 98.

(7) Ziervogel en Louw, Xh.II, Studiegids 2, p. 68.

uitsonderings waar die uitgang vervang word met -o en nog op persone dui, soos bv. umfo (sterfling, man)⁽⁸⁾ of umfi (oorledene) -ukufa (omplaas word, dui dit in die reël op 'n bepaalde persoon te sterf).

3. Die variant abe- word gebruik vir volkere en in 'n paar gevalle vir persone wat bepaalde beroepe beoefen vgl. umSuthu - abeSuthu (Sothovolk); umLungu - abeLungu (Blankes); umfundisi - abefundisi (leraars).

4. Die stamme en iziduko van Xhosa met die singularis prefiks um- het hul meervoud egter in die ama- klas daarom abeSuthu, maar amaXhosa, amaMpondo. Met die bespreking van die semantiese funksie van die prefiks ama- sal die moontlike rede vir die 'afwyking' toegelig word.

2.2. Klas la u- (en klas 2a o- [u-], [o-])

Die twee subklasse se prefikse toon die volgende semantiese funksies:

1. Eiename van persone word in die klas aangetref, met die u- prefiks vir die enkelvoud bv. uThixo (God), uPhato (Phato).

2. Nou hieraan verbode is verwantskapsname soos uyise (jou vader) umalume (my oom aan moederskant).

Die meervoud, met prefiks o-, van die eiename dra die betekenis van die 'persoon en sy groep' en in die geval van verwantskapsname kan dit ook die reëlmatige meervoud aandui, vgl. Ophato (Phato-hulle, die Phato's).

3. Name van diere asook medisyne en sekere voorwerpe en eetbare plante. In die meeste gevalle is dit gepersonifiseerde diere wat in sprokies of diere-verhale voorkom waar hulle handelende persone optree.

4. uxam (likkewaan) - oxam (likkewane) bv. ucumse (gemaalde rooikleiblaai)

5. Name van diere asook medisyne en sekere voorwerpe en eetbare plante. In die meeste gevalle is dit gepersonifiseerde diere wat in sprokies of diere-verhale voorkom waar hulle handelende persone optree.

6. uxam (likkewaan) - oxam (likkewane) bv. ucumse (gemaalde rooikleiblaai)

(8) Kropf - Godfrey, 1915, p.98.

(9) Pahl, 1957, p.12, f.11.

unomaweni (plant gebruik as teëgif wanneer vleis geëet as lokatiewe word van diere wat aan miltsiekte gevrek het.)
volg 4. Wanneer n naamwoord uit n ander klas in klas 1(a) geplaas word, dui dit in die reël op n bepaalde persoon, bv.

10. ititshala (onderwyser) met klasprefiks i- sal in die u-klas as ufitshala, wat op n bepaalde onderwyser dui, bekend staan. ayi wakhe ngu-hayi (Sy nes is nes.)

11. Pahl⁽⁹⁾ meen dat in sulke gevalle waar naamwoorde van ander klasse se volle prefiks of preprefiks vervang word deur u- of o-, sulke naamwoorde dui op gepersonifieerde mense of dinge, bv. (Januarie) ulwasibini (Dinsdag)

kl. 15 ukufa : Kufa, luphi na ulwamvila lakho? (Dood, waar is jou angel?)
die klasse 1 en 1(a) (Dood, waar is jou angel?)
algem. kl. 1 umgwebi (regter) > uMgwebi persone, beroeps-
lui, 5. Volgens hom kan naamwoorde in dié klas ook dui op persone wat status besit of wat belangrik is.

2.3. ukumkani (koning(s))
uggira (mediese dokter(s))
te 6. Dit is in dié klas wat vreemde woorde dikwels opgeneem word - gewoonlik wat op persone dui (vgl. utitshala - Eng. "teacher"), maar soms ook op ander naamwoorde bv.

uloliwe (treinspoor, trein) Eng. "railway".
7. Die u-prefiks saam met die sekondêre infikse -So-, -No- en -Ma- vorm ook n groot aantal nomina wat op bepaalde tipes persone dui of op eiename gekoppel aan n bepaalde kenmerk óf om die 'vader van' óf vroue-name te vorm. (Vgl. bl. 5(B).) teg n onderlinge semantiese ineen-skakeling.

8. n Aantal nomina wat slegs die meervoudsprefiks o- gebruik en wat nie op persone dui nie, kom ook voor. Die o-prefiks word ook op die wyse gebruik om meervoude van klasse 14 en 15 te vorm wat andersins nie meervoude neem nie, bv.

obulungisa nokunyaniseka ('deugde en opregthede')

(10) Ibid, p.14 (1).

(11) Louw, *Limi*, Jan. 1960, No. 5, pp. 15 - 26;

(9) Pahl, 1967, p.12, f(1).

Kini, Jan. 1969, No. 7, pp. 27 - 55.

9. n Aantal name van plekke, berge en riviere, (meesal as lokatiewe gebruik) wat nie in die mensklas val nie, kom volgens Pahl⁽¹⁰⁾ ook in die 1(a) klas voor, bv. kuTsolo (by Tsolo)

10. Ander woordsoorte wat in sekere gevalle as naamwoorde kan optree maak gebruik van die 1(a) klas prefiks, bv. U-hayi wakhe ngu-hayi (Sy nee is nee.)⁽¹²⁾ en Uncube⁽¹³⁾

11. Dié enkelvoudsprefiks word ook gebruik met die internasionale name van die maande asook die name van die dae van die week, bv. uJanuwari (Januarie) < uLwesibini (Dinsdag)

Samevattend kan hierdie prefigale formatiewe van die klasse 1 en 1(a) met meervoud klasse 2 en 2(a) die breë of algemene semantiese kenmerke van handelende persone, beroeps-lui, ambagslui, volkere, eiename, verwantskapsterme en geper-sonifieerde diere en voorwerpe gee.

2.3. Klas 3 um-[um-~u-] en klas 4 imi-[imi-~im-]

Om die semantiese funksies van hierdie twee klasse te kon bepaal, asook dié van klasse 5 en 6, is grootlike staat-gemaak op die werk van J.A. Louw⁽¹¹⁾ waarin hy die semantiese struktuur van dié klasse baie volledig behandel.

Omdat nomina van klas um- met meervoud klas imi- dui op lewendige of bewegende dinge wat egter nie as self-standige handelende persone gesien word nie, skep dit die in-druk van n skynbare groot aantal uiteenlopende nomina. By nadere ondersoek toon dié nomina met hul verskillende ken-merke tog n onderlinge semantiese ineenskakeling.

Indien bepaalde klasse bepaalde semantiese kenmer-ke openbaar, is dit tog logies dat weens die beperkte aantal klasprefikse voor aan n beperkte aantal wortels, hierdie se-mantiese kenmerke nie onbeperk kan wees nie.

(10) Ibid, p.14 (i).

(11) Louw, Limi, Jan. 1968, No. 5, pp. 15 - 26;

Kimi, Jan. 1969, No. 7, pp. 27 - 55.

So ook kom daar net 'n beperkte aantal uitgange en suffikse voor. Nietemin word in die twee klasse ten volle gebruik gemaak van dié twee prefigurale formatiewe en die uitgange -o, -e, -i, -a en -u. (die buitekant). Die idee van een of ander se Verskeie Xhosa-grammatikas beskryf dié twee klasse se nomina, wat van werkwoorde afgelei is, as: „nouns denoting result of action". Vergelyk McLaren⁽¹²⁾ en Mncube⁽¹³⁾. Met hierdie semantiese kenmerke as uitgangspunt kan die volgende voorbeelde genoem word:

umthwalo (drag) < -thwala (dra)
umdudo (n dans) < -duda (dans)

Die uitgang van dié deverbatiwe toon die onpersoonlike deverbatiwe uitgang -o wat kenmerkend is van dié tipe naamwoorde. Die resultaat van die handeling uit dié voorbeelde toon dat dit óf abstrak óf konkreet kan wees. Daarom word so 'n verskeidenheid van bereide voedselsoorte in dié klasse aangetref, bv.

-guba (maal) > umgubo (meel)
-phehla (karring) > umphehlo (botter)
-nqhusha (stamp in vysel/
umblambi (stampblok) > umnqhushe (stampmielies)
-vuba (meng van verskil- < umvubo (suurmelk)
 lende soorte
 dinge)

Die bereide voedsels se teksture is fyn, sag, vetterig, droog of loperig. Word nog 'n voedsel soos umhlehlo geneem wat die binne-vet van 'n dier is, stem die sagte vette-rige tekstuur nie net ooreen met eersgenoemdes nie, maar 'n bykomende kenmerk nl. 'binnekant' kom by. Die naamwoorde umgobo, umphehlo, umnqhushe gee ook die idee van kollektiwiteit. khola (voerbode); umshologu (spook); umkhuhlane

(12) McLaren, 1955, p.18.

(13) Mncube, Xhosa Manual, p.18.

Die idee van lokaliteit, soos gesuggereer deur umhlelo, word gevind in al die naamwoorde wat gevorm word met die um- prefiks + die woorde met die ou lokatief prefiks pha- soos bv. umphandle (die buitekant). Die idee van een- of ander soort ruimte uit dié woorde word ook gevind in ook nomina soos: um- en im- klasse gevind, bv.

umgodie (gat); umai (roo); umnyango (deur-opening)

Hierdie idee van holtes of openinge kan gevind word by die liggaamsdele soos umlomo (mond). Word nomina wat op die liggaam betrekking het nou ondersoek, word baie in dié klas aangetref, soos: aka (jaar).

umlenze (been); umnwe (vinger); umzimba (liggaam);

umhlana (rug). Die idee van iets sag en buigbaar is ook teenwoordig,

terselfdertyd word die idee van lengte ook opgemerk. Laasgenoemde kenmerk kom na vore in nomina soos: umkhonto (spies); umpu (geweer); umkrozo (ry mense/diere).

Kollektiwiteit en oorvloed soos deur die voedselsoorte geopenbaar is ook te bespeur in woorde soos: umhlambi (skaap, trop); umdudu (gemeen aan baie); umlembelele (woorderykheid).

Dit verklaar weer waarom enigiets wat in n staat van uiterstes is, in hierdie klas opgeneem is, selfs dié met n negatiewe betekenis soos umkhehle (n droë, verweerde ding).

Nou hieraan verbonde is die voorkoms van nomina wat siektes, die buitengewone, die bo-natuurlike en rampe insluit bv. umhlola (voorbode); umshologu (spook); umkhuhlane

(enige gewone ongesteldheid). Aansluitend hierby is nomina wat dui op mense wat bogenoemde kenmerke openbaar, bv. die

semantiese funksies van um- klasprefiks en tot n mate

14./

15./

14./

15./

14./

15./

14./

15./

umlwelwe (swak, tengerige persoon); umngqakhwe (onegte kind); umnyanya (gestorwe voorvader van n hoofman) Bome, riviere, strome, of voorwerpe wat die semantiese kenmerke van lengte, holtes, beweging inhou, word ook daarom in die um- en imi- klasse gevind, bv.

umendo (pad); umsi (rook); umfula (rivier); umkhiwane (wildevyeboom). Die abstrakte idee van ruimte verklaar ook die voorkoms van nomina soos: umgama (distanisie); umhlaba (aarde); umnyaka (jaar).

Samevattend is die semantiese funksies van dié twee klasse: n Resultaat van n handeling of proses soos getoon deur die deverbatieme wortel met uitgang -o waardeur abstrakte sowel as konkrete sake aangewys word, o.a. voedsels met sagte teksture asook met n kenmerk van kollektiwiteit. Met iets sags word die binnekant van voorwerpe, diere en mense betrek, wat weer aanleiding gee tot die idee van plek en lokaliteit. Die idee van verskillende tipes van holplekke word oorgedra op langwerpige of ronde organe, voorwerpe en dinge. Die idee van dinge wat herhaaldelik voorkom, kan vreesinboesemend wees (wat die voorkoms van siektes, rampe en bonatuurlike verskynsels in die twee klasse verklaar).

2.4. Klas 5 ili- [ili- ~ i-] en klas 6 ama- [amo- ~ ame-]

Klas 5 het met die klasprefiks ili- sy meervoud in klas 6 met klasprefiks ama-. Laasgenoemde kan ook in sekere gevalle die meervoud vorm van nomina uit klas 1 en klas 9, of slegs as prefiks optree by woorde wat geen enkelvoudsvorm het nie.

Die gemeenskaplike semantiese kenmerke van nomina van dié twee klasse ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die semantiese funksies van hul klasprefikse en tot n mate

(14) Louw, Lini, 1969 No. 7, p. 106, par. 104.

versterk deur die uitgang. Baie nomina kom voor waarvan die stamme wortels het wat in ww.-stamme gevind word. Oor dié stamme sê Louw: „These stems of the nouns end in -a, -i and -o, some may also have as terminative -e. Some of these nouns throw an interesting light on the semantics of the combined noun prefix and stem.” (14)

Nomina in die klasse dui op groot oppervlaktes en ruimtes met bepaalde eienskappe soos kenmerkende kleur en tye tekstuur. ijikazi (oorring).

Sooithafa (plateau); wihlungu (gebrande veld); aidiza (ge-oeste land); izulu (lug, hemel). Daarom ook dat agter sekere riviere wat bepaalde eienskappe soos grootheid, kleur ens. openbaar in dié klas voorkom, (bv. iGqili (Oranjerivier); iLigwa (Vaalrivier).

Dié eienskappe van kleur en tekstuur word oorgedra op diere, voëls, insekte en voorwerpe met helder kleure. In teenstelling met klasse 3 en 4 waar meer donkerkleurige voorwerpe voorkom, word in die twee klasse dié met helder gestreepte, kolagtige, bont of glinsterende kleure aangetref.

ixhama (rooi hartebees); wilinga (blesbok); ikhwezina (ster); ilanga (son); igwampi (soort kraanvoël);

ipikoki (pronk-pou uit Eng.: 'peacock'). iqaga (muishond).

Voorwerpe met n bepaalde oppervlakte, tekstuur, of voorkoms: nomina betrek word, soos vrugte of plante met bepaalde eienskappe. izele (harde skil van suikerriet); iqabaka (ryp).

Hieruit kan die insluiting van nomina, wat op siektes wat n verandering in die kleur en tekstuur van die vel die oppervlakte dui, verklaar word:

ikhwiniba (liddoring); ipuludyasi (pokkies); ixoshomba (roes in mielies).

Geassosieer met die oppervlakte tekstuur kan ook die volgende betrek word: in die klas ili- en ama- verder en-

(14) Louw, Limi, 1969 No. 7, p. 106, par. 104.

Hol of ronde organe van die liggaam: idlebe (oor); idolo (knie); ibebe (bors); iliso (oog).

Die vroeëre bewering dat hierdie klasse o.a. dui op voorwerpe wat paarsgewys voorkom soos sekere liggaamsdele is volgens Louw toevallig, want ander liggaamsdele wat nie paarsgewys voorkom nie word ook gevind, vgl.

iphaphu (hart); ibunzi (voorkop).
Ronde voorwerpe, vrugte en sade: ivili (Afr. wiel); ilitye (klip); ijikazi (oorring).

Soos by lg. voorbeeld waar die betekenis van bolvormigheid saam met n helder kleur kan geassosieer word, so ook by vrugte en sade wat gewoonlik helderkleurig is:

iguga (rooi waatlemoen); i-apile (appel); idiliya (druif).

Hoekige, puntige, konvekse en skerpgepunte wapens, gereedskap, instrumente en uitgeholde voorwerpe ook m.b.t. die aard-oppervlakte kom voor:

iphundu (uitstaande hoek); iliwa (krans); iqolomba (grot).

Diere met lang geronde liggame met die bykomende eienskappe van gladde of growwe teksture, giftigheid of onwelriekendheid kom voor:

iramba (pofadder); iphalo (lintwurm); iqaga (muishond).

Enigiets wat te doen het met die sintuie kan by bogenoemde nomina betrek word, soos vrugte of plante met bepaalde geure, reuke of met n medisinale waarde.

Dinge wat lig, ontasbaar, tenger of lendelam is of n kenmerk van vloeibaarheid toon, wys op n aansluiting met die sintuiglike.

ilifu (wolk); icimi (donkerte); ishologu (slegte droom) vgl. ishologu met umshologu waar lg. die oorsaak is tot die ontstaan van eersgenoemde.

Wanneer nomina in die klas ili- en ama- verder ondersoek word, kom die begrip van kollektiwiteit na vore, vgl.

het, openbaar bepaalde karaktertrekke wat hul duidelik onderskei van kl. 1, 1(a), 2, 2(a) asook van dié in ander klasse, vgl. iggira (toordokter) teenoor uggira (mediese dokter).

Die volle prefiks ili- en die saamgetrekte variant i- kan met dieselfde stam n verskil in betekenis aandui, daarom: ilizwe (land, landstreek) maar izwe (n bepaalde bewoonde, begrensde landstreek); indle (oop veld) maar ilindle (woesteny, wildernis of nagvullis).

Al word die prefiks ama- beskou as die meervoudsprefiks om die meervoud van die ili- klas aan te dui, is daar baie gevalle waar geen enkelvoud vir bepaalde nomina met die prefiks ama- bestaan nie, vgl. veral van die vloeistowwe soos amanzi (water), amafutha (vet). Aan die anderkant is daar ook gevalle waar n meervoudsvorm met dieselfde stam n verskil in betekenis het, bv. igazi (bloed) en amagazi (verskillende soorte bloed). Die prefiks ama- kan dus ook meervoud aandui met die begrip van verskillende soorte.

Daar is egter nomina van kl. 1 wat op volkere betrekking het asook sekere nomina van klas 9 wat hul meervoud in die ama- klas het. Dit is mense of diere wat dieselfde kwalifikasies, belange of geaardheid openbaar. Dikwels is daar ook n groepsverband a.g.v. geboorte en sekere seremonies wat hul saam moet deurloop om n bepaalde status in die samelewing te bereik - vgl. amadoda, amakhosi, amakhwenkwe. So ook veral dié stamgroepe wat onderlinge verwantskap met die Xhosa as volk openbaar - soos die AmaNgqika, AmaGcaleka. Dit verklaar waarom die nomina hul enkelvoud in klas 1 het, maar die meervoud in klas 6. Die geval van abeLungu dui nie op n bepaalde etniese volksgroep, maar slegs op die Blankes, daarom nie 'amaLungu'. Vreemde volkere wat dui op bepaalde etniese groepe soos AmaBhulu (Afrikaners), AmaNgesi (Engelse) kom voor, hul enkelvoud word egter nie in kl. 1 nie, maar in klas 5 aangetref.

(16) Molaren, p.21.

(17) Ibid, p.198(g).

Uit die sin van samehorigheid wat voorkom a.g.v. ooreenstemmende eienskappe, kan dit ook oorgedra word op groepe van mense wat bymekaar gereken kan word op grond van sulke ooreenstemmende eienskappe en gewoontes en daarom ook in wese ooreenstem:

isiduko (familienaam); isintu (menseras); isifazi (vroulike geslag); isiZulu (Zulu-kultuur of Zulu-taal).

In hierdie lg. voorbeeld kom die betekenis van instrumenteel d.w.s. by die taal na vore want dit is tog die instrument wat kommunikasie onderling moontlik maak. In die geval van kultuur is dit weer die enerse wese, aard en karakter van so n groep.

Die betekenis van isi- wat dui op wese of aard is egter nie net beperk tot groepe nie, maar het ook betrekking op individue, diere of konkrete of abstrakte dinge. Die aard kan óf n goeie of swak betekenis dra.

isilima (enigiets hetsy mens, dier of plant wat misvorm is)

isifede (dom, nikswerd persoon, ook gesê van diere)

isiseli (iemand wat baie drink, gewoonte drinker)

isicangca (ou toingrige slaapmat, wat figuurlik ook betrekking kan hê op enigiets wat die aard van verwerping, uitputting of vermoënis aandui)

isandlozi (prominente starende oë). In die geval is dit nie slegs die soort oë wat deur die is- prefiks aangedui word nie, maar ook die betekenis van n gebruiksvoorwerp.

Dit wil voorkom dat n bykomende betekenis van gewoonte-handeling by nomina in die klas aangetref word, vgl. isithethi, isiseli ook isazi (kenner). Oor persoonlike nomina in die klas wat van ww.-stamme afgelei is, noem Mncube dat dit moontlik net isilumko (n verstandige, wyse man) is wat die uitgang -o neem, terwyl die ander gebruik maak van -i.⁽¹⁸⁾

(18) Mncube, p.25 (voetnota).

(19) Weinhof, 1943, p.42.

Dié uitgang -o word moontlik gebruik om te onderskei tussen isilumko (wyse man) en isilumki (n geslepe, vernuftige persoon).

Leenwoorde wat in die klas opgeneem word, is as sodanig opgeneem omdat hul betekenis voldoen aan die semantiese vereistes van die klas en nie soseer omdat hul begin klank n s- is nie, vgl. isikolo (skool - met betekenis van gewoonteplek as instrument van onderrig); isipili (spieël - instrument); isitishi (Eng. 'station' - plek van handeling).

Met die skepping van n vakterminologie vir Xhosa is dit opmerklik hoeveel van dié terme in die isi-/izi- klas voorkom ook met die begrip van instrument of gebruiksvorwerp, dikwels in n abstrakte verband, bv. isibizo (naamwoord); isimaphambili (skakel); isininzi (meervoud).

Daar is reeds op gewys dat nomina in die klas wat op die wese of aard van persone of voorwerpe dui, dit ook in n derogatiewe sin kan doen. Meinhof⁽¹⁹⁾ meen dat dié prefiks as n „Schmähpräfix“ ook as n verkleineringsprefiks beskou kan word in Swahili. In Xhosa kan dié prefiks ook in n derogatiewe sin klein dinge aandui, bv.

isichocho (bietjie kos wat opsy gesit is); isichopho (stoeltjie); isicuku (klein aantal). Terselfdertyd kan dit ook gebruik word om op groot dinge n derogatiewe betekenis te plaas. (Volgens Meinhof vir Herero). Dit kom as sulks ook voor in Xhosa.

isithixo (afgod); isikhulumo (hoogdrawende taal); isicambhacambha (persoon met n baie groot liggaam); isinekeneke (n groot maar nuttelose persoon/ding).

2.6. Klas 9 in- [in- ~ im- ~ iq- ~ im- ~ ip- ~ i-]
en Klas 10 i(z)in- [izin- ~ in- ~ iq- ~ ip- ~ izim- ~ im- ~ i-]

Alhoewel van die klas in- gewoonlik gepraat word

(19) Meinhof, 1948, p.42.

As die dierklas, kom daar skynbaar net so baie uiteenlopende nomina voor wat op die oog af geen semantiese verband met diere toon nie. Die meervoud van dié klas word gewoonlik in die klas 10 i(z)in- gevind.

Met die nomina wat op diere, insekte en voëls dui as uitgangspunt, kan die volgende eienskappe van sulke diere vasgestel word: liggaamlike grootheid, fisieke krag, ratsheid, woeste natuur, soepelheid, listigheid, bruikbaarheid (indiens van die mens) en selfs ook aanhoudende lastigheid of irritasie en ook arbeidsaamheid.

inamba (luislang); indlozi (tierkat); indlovu (olifant) en indubula (brulpadda); ingwe (luiperd); inja (hond); imvo (vetstertskaap); imbuzane (muggie); inkomo (bees); incongconi (muskiet); inyosi (by).

Hierdie voorbeelde verklaar die opname van nomina wat mense aandui wat sulke eienskappe besit soos krag, bedrewenheid en vernuf.

imbinza (bedrewe gooier); inkcani (goeie skut); imbaleki (naellooper, vgl. met umbaleki (klas um-) wat bloot dui op iemand wat hardloop); injabavu (man van vreesaanjaende voorkoms).

As in gedagte gehou word dat baie van die diere of insekte in troppe of swerms voorkom, is dit te verstane waarom impi (leër) in dié klas is.

Die betekenis van bedrewenheid, grootheid en mag dit word ook gevind in onpersoonlike nomina, sommige deverbatiewe met uitgang -o.

imboniselo (wagtoring); ingcalulo (onderskeiding); indalo (skepping).

(Dié klas toon in sekere opsigte 'n ooreenkoms met

die klas isi-. Vergelyk die volgende:

ingcelo / isicelo (n versoek, herhaling).

ingcingo / isicingo (gedagte, oorweging).

By die isi- klas val die betekenisklem egter op die

herhaling of oorweging en geld die versoek/gedagte nie soseer net vir die moment nie.

2.7. Die voorkoms van inamba in klas in- teenoor iramba in klas ili- kan baie goed verklaar word a.g.v. hul fisiese kenmerke. Iramba pas by die ili-klas weens sy giftigheid en oppervlakte tekstuur, terwyl inamba in die in-klas kom weens sy geweldige fisieke krag. So ook word die volstruis weens sy groot liggaam (vir n voël), sterk tone en spoed in die in-klas geplaas. horing; unwelo (haar); urambo (rib).

Diere soos die hond, skaap, bees, vis, by ens. se bruikbaarheid vir die mens a.g.v. óf hul getrouheid óf voedsel en kleding wat hul verskaf, gee aanleiding tot die opname van bruikbare voorwerpe in dié klas - uit die natuur ook ingesluit. Die begrip van grootheid op n materiële sowel as geestelike vlak is egter nog altyd baie duidelik. uthothu (as); ubala

indlu (huis); imbiza (pot); imfe (soetriet); incwadi (boek); inyama (vleis); intloko (kop); intliziyo (hart); imvula (reën); ingxangxasi (waterval).

Word intliziyo gestel teenoor iphaphu (hart, klas ili-) is dit duidelik dat eersgenoemde betrekking het op die psigiese (d.w.s. dit wat die emosies, hartstogte en denke beheer) terwyl lg. die fisiese orgaan is.

In die geval van imbumbulu (oogappel) kom die betekenis van skerpheid en fyn kyk ook uit, maar dié woord kan ook koeël beteken, weer met die magsidee en terselfdertyd toon dit iets wat hard en rond is. Op dieselfde wyse word sade en besies van plante wat hard is in die klas opgeneem.

Ook in dié klas kom slegs leenwoorde voor wat kan inpas by die semantiese funksie van die prefiks in- vgl. ilokhwe (rok); ivenkile (winkel); iwotshi (Eng. "watch").

Die meervoudsprefiks izin- word egter nie net as sulks vir die klas in- enkelvoud gebruik nie. Die rede hiervoor meen ek is ook te vind in die semantiese betekenis wat geopenbaar word deur die prefikse van daardie klasse wat ook

gebruik maak van die izin- klas as meervoud.

2.7. Klas 11 ulu- [ulu- ~ u- ~ ul- ~ ulw-]

„Hierdie klas dui gewoonlik nomina aan wat verwys na sake wat gewoonlik in groot getalle voorkom, d.w.s. een van vele en dit is dan gewoonlik langwerpige van vorm en rond.“⁽²⁰⁾ Hiervoor is daar genoegsame bewys.

ucingo (draad); uluhlu (ry); ukhuni (brandhout);
uphondo (horing); unwele (haar); ubambo (rib).

Dié voorwerpe wys op lengte, d.w.s. enigiets hetsy van diere, mense, plante of ander voorwerpe. Meinhof beskou die li- klas as „eins von zwein“ en die lu- klas as „eins von vielen.“⁽²¹⁾ Hierby kom dan die begrip van die oneindige, ontelbare met nomina soos:

uthuli (stof); ulwandle (see); uthuthu (as); ubala
(woestyn - uitgestrektheid).

Hierdie is dinge wat nie gemeet kan word nie. Die begrip van abstraktheid kom saam met die onmeetlike voor in nomina soos: usizi (verdriet); ulonwabo (vreugde); uluntu (mensdom). Baie nomina van die klas neem geen meervoud, juis a.g.v. hul abstrakte betekenis, bv. uluntu - nogtans dra dit as enkelvoud nog steeds die begrip van groot getalle of die allesinsluitende onmeetlike aangaande die mens.

Met die groot aantal abstrakte nomina wat in die klas gevind word, is dit vanselfsprekend dat hier baie abstrakte nomina afgelei van wwe sal gevind word, bv.

uthando (liefde); ulalo (slapery); uqhayiso (spoggerij, 'boasting').

Die onpersoonlike uitgang -o word vir dié abstrakte nomina algemeen gebruik, maar die -e en -u uitgange kom ook voor, bv.

ufefe (tere toegeneentheid); uchuku (provokasie).

(20) Xhosa II, Studiegids 2 (Vr. 2(a)).

(21) Meinhof, 1948, p.49 par. 18.

Dié deverbatië word gewoonlik in Engels vertaal met woorde wat op -ing eindig en in Afrikaans op -ery.

Die feit dat ook dié klas van klas 10 izin- gebruik maak as meervoud, bring dit in noue verband met die betekenis van klas 9 in- en klas 10 izin- met die bykomende begrip van veral lengte en groot getalle. n Aantal van dié klas se nomina neem hul meervoud in die ama- klas vgl. ulure (gerug); amare (gerugte); upahla (dak); amaphahla (dakke).

Daar is gevalle waar izin- en ama- as meervoudsprefiks gebruik word, maar dan met n duidelike semantiese verskil, vgl. ulwimi (tong, taal); iilwimi (tale); amalwimi (tong); uqweqwe (skil, harde omhulsel) : iingqweqwe (skille (van pampoer)); amagweqwe (harde buiteblaai (van boek)).

2.8. Klas 14 ubu- [ubu ~ ub- ~ uc' ~ uc'w.]

Die prefiks se betekenis is by uitstek die abstrakte en dui die een of ander staat of toestand van die mens, dier, plant of voorwerp aan. Sekere tye en soorte vloeistowwe word ook aangetref.

Stamme van ander nomina, adjektiewe, relatiewe sowel as ww.-stamme word d.m.v. die ubu- prefiks in abstrakte nomina verander:

ubudenge (gekheid) < isidenge (n gek);
ubuhle (skoonheid) < -hle (mooi);
ububanzi (wydheid) < -banzi (wyd);
ubugeza (kranksinnigheid) < -geza (kranksinnig wees).

Dit is veral met verbale stamme dat n bykomende semantiese betekenis bygebring word, bv.

ubusika (winter) < -sika (af te sny) d.w.s. die tyd om kafferkoring te sny.
ubusuku (nag) om te onderskei van usuku (klas ulu- wat dag beteken < -suku.

uku-ya Vloeistowwe of semi-vloeistowwe wat veral deur die liggaam vervaardig en uitgeskei/afgeskei word, kom voor. Behalwe dié wat van menslike oorsprong is, is daar ook wat van dierlike of plantaardige oorsprong is en wat deur die mens kan gebruik word.

Dié van menslike oorsprong sluit o.a. in:

2.1 ubuzele (slymafskeiding); ubuthundo (urine); ububovu (etter); ububende (nie-gestolde bloed).

Plantemateriaal wat verwerk word, is o.a.

ubuvimba (narkotiese kruid vir wonde en velsiektes);
ubuthi (as gif/toormiddel); ubulawu (wierook/smeermiddel);
utyala (bentaka) - plant gebruik vir oogsiektes.

Dié plantstowwe word nie as voedsel gebruik nie, maar as toormiddel/medisyne/salf.

Die tipiese Bantoebier utywala is ook in die klas - moontlik weens sy bedwelvende uitwerking op die sinne.

Dierlik vervaardigde semi-vloeistowwe is o.a.

heuning ubusi.

3.1. Die enigste twee nomina in die klas wat moontlik n meervoud neem is utywala as iindyala met die betekenis van bierpartye en ubuhlanti (beeskraal) met iintlanti. Indien daar dus meervoude voorkom, word die izin- prefiks gebruik en in uitsonderlike gevalle die o- prefiks van klas 2(a) soos getoon in par. 2.2 (8).

(a) Die enkelvoud kan daarom in baie gevalle ook dui op n meervoudsbegrip al na gelang hoe dit gebruik word, vgl.

ubuso bakhe (sy gesig); ubuso babo (hulle gesigte).

2.9. Klas 15 uku- [uku- ~ ukw- ~ uk-]

Die prefiks uku- dui op die infinitief en moet as stam daarom altyd n ww.stam besit. Die uitgang - saam met dié prefiks is ook altyd die verbale uitgang -a (behalwe in die geval van -azi en -thi). Dikwels dui dit nie net die infinitief aan nie, maar die voorwerp as sulks.

ukutya (om te eet/etery/kos); ukuma (om te staan/toestand); ukulamba (hongerte/honger te wees).

Geen meervoudsprefiks word in ooreenstemming met dié klas aangetref nie, behalwe wanneer in uitsonderlike gevalle die o- prefiks gebruik word.

2.10 Klas 16 pha- [pha-]; Klas 17 uku- [k'u-] en Klas 17(a) uku- [uk'u- ~ ukw-]

Klasse pha- en ku- (klas 17) bestaan as funksionerende nominale prefikse nie meer in Xhosa nie. Woorde in Xhosa wat nog dié formatiewe bevat dien slegs as adjunkte van die werkwoord (vgl. phakathi (binne); kufuphi (naby)).

Die prefiks van klas 17(a) (uku-) se betekenis is ook om plek of tyd aan te dui en ook dié prefiks het nog net in n paar nomina van Xhosa behoue gebly - ukunxele (linkerkant); ukunene (regterkant); ukwindla (herfs).

an idea inherent in itself, which it imparts to the root to fixed these affixed modify the root". (22)

3.1. Die sintagmatiese opeenvolging van die primêre formatiewe van die naamwoord in Xhosa toon die volgende:

1. Die klasprefiks se voorvokaal kan in sekere sintaktiese omstandighede weggelaat word en nogtans n volledige naamwoord toon.

2. Geen ander primêre formatiewe kan

(a) verander van posisie in hul sintagmatiese opeenvolging nie of

(b) weggelaat word en dan nog n volledige naamwoord

vorm nie. Alleenlik wanneer die sekondêre formatiewe -no-,

-so-, -ma- en -bu- as infikse ingevoeg word tussen die voor-

vokaal en die stam of tussen die voorvokaal en die werklike

klasprefiks kan daar sprake wees van n verandering in die sin-

tagmatiese opeenvolging of weglating van n primêre formatief

(en dan ook net die werklike klasprefiks) om nog n volledige

(22) Aabten, 1935, p.1111.

naamwoord tot stand te bring.

3. In alle gevalle moet die naamwoord n uitgangsformatief bevat nl. -i, -o, -u, -a of -e teneinde die stam van die naamwoord te kan vorm. Aan hierdie stam kan sekere sekondêre suffigale formatiewe gevoeg word.

3.2. Weens die beperkte lengte van hierdie artikel kon nie veel aandag aan die sekondêre formatiewe geskenk word nie, behalwe om net aan te toon dat hul saam met die primêre formatiewe hul semantiese funksies alleenlik kan verrig wanneer hul in die regte volgorde voorkom.

3.3. n Onderzoek wat hoofsaaklik toegespits was op die semantiese funksies van die onderskeie klasprefikse en tot n mate die uitgange van die naamwoord, het die volgende getoon:

1. Elke klasprefiks openbaar n eie semantiese betekenis. Wat Ashton te sê het oor affikse sluit die prefikse sowel as die uitgange van die naamwoord in: „..... an affix contains an idea inherent in itself, which it imparts to the root to which it is affixed these affixes modify the root”.⁽²²⁾ Dit het baie duidelik geblyk uit die talle voorbeelde waarop veral op dié aspek die klem laat val is.

2. Die voorvokaal van die klasprefikse verrig sy semantiese funksie alleenlik in medewerking met die werklike klasprefiks, maar verder het dit ook n bykomende funksie, nl. om meer bepaaldheid aan die naamwoord te verleen.

3. Die onderskeie klasprefikse se bepaalde semantiese betekenis en daarom ook hul semantiese funksies wat a.g.v. hierdie betekenis deur hul verrig word, is duidelik bewys deur die talle voorbeelde.

4. In sekere gevalle waar variante van die formatiewe voorkom, is dit nie vanweë die feit dat dit n fonologiese vereiste is nie, maar ook om bepaalde semantiese redes.

5. Omdat sekere nomina met verskillende klasprefikse in die enkelvoud van dieselfde meervoudsprefiks gebruik maak,

(22) Ashton, 1935, p.1111.

beteken dit nie dat sodanige enkelvoudsprefikse dieselfde semantiese betekenis het nie. Hier word veral bedoel op klas se in- ulu- en in n paar gevalle klas ubu-. Dit is slegs omdat daar n dieperliggende onderlinge semantiese verband te bespeur is wat dit moontlik maak vir veral die ulu- en ubu- klas om ook gebruik te maak van die izin- klas se meervoud, in dié gevalle waar n meervoud wel in eg. twee klasse gevorm word.

6. In dié gevalle waar die reëlmatige meervoudsprefiks weer nie in bepaalde gevalle gebruik word nie, is dit ook omdat sekere meervoudsvorme in bepaalde meervoudsklasse beter pas, juis a.g.v. die klasprefikse se semantiese funksies in sodanige gevalle. Dit het veral betrekking op klas 1 um- wat in sekere gevalle gebruik maak van klas ama- en ook klas in- wat in bepaalde gevalle gebruik maak van klas ~~#ama-~~, selfs in sekere gevalle ook klas ulu- met die meervoud in klas ama-.

7. Die opname van leenwoorde in die verskeie klasse geskied ook ooreenkomstig hul semantiese betekenis met betrekking tot die semantiese betekenis van die onderskeie klas-prefikse waarin hul opgeneem word.

8. Ten slotte het die ondersoek ook getoon dat daar n noue samewerking is tussen die klasprefiks en die uitgang van nomina. Dit is veral baie duidelik by die uitgange van nomina wat van ww.-stamme gebruik maak om deverbatiwe te vorm. Die persoonlike uitgang -i word veral gebruik om handelende persone aan te dui, terwyl die onpersoonlike uitgang -o gebruik word om die resultaat van n handeling of proses aan te dui. Die onpersoonlike uitgang -o word ook veral gebruik om abstrakte deverbatiwe te vorm. In gevalle waar beide die persoonlike en onpersoonlike uitgange aangewend word om op persone te dui, is dit om semanties te kan onderskei tussen sulke persoonlike nomina.

Dit is baie duidelik dat by die Xhosanaamwoord elke formatief sy bepaalde semantiese funksie verrig om sodoende die groot verskeidenheid van nomina te vorm met slegs 'n beperkte aantal prefikse, stamme en uitgange.

Yes. Bulletin of the School of

Studies, Vol. 8, 1935-

LYS VAN AANGEHAALDE PUBLIKASIES.

10. Pahl, H. : Phonetics of the Xhosa Language, Afrikaans Studies, 1967.
1. Ashton, E.O. : The Structure of a Bantu Language with special reference to Swahili, or Form and Function through Bantu Eyes. Bulletin of the School of Oriental Studies, Vol. 8, 1935 - 37, pp. 1111 - 1120. (Ashton, 1935).
11. Ziervogel, D. : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
12. Ziervogel, D. en Louw, J.A. : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
2. Jordan, A.C. : A Practical Course in Xhosa, Longmans, 1966. (Jordan, 1966.)
3. Kropf-Godfrey : A Kafir-English Dictionary, Lovedale Mission Press, 1915. (Kropf-Godfrey, 1915.)
1. Bloomfield, L. : Language, (Allen & Unwin, London, 1933).
4. Louw, J.A. : The Semantic Structure of classes 3, 4, 5 and 6 in Xhosa, Limi no. 5, Jan. 1968 en Limi no. 7, Jan. 1969, Unisa, Dept. Bantoetale (Louw, Limi 1968, 1969.)
2. Bourquin, W. : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
3. Coertze, P.J. : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
5. : The Minimal Forms in Xhosa and their relation to the Morpheme, Taalfasette 1968, Deel 5, pp. 17 - 23. Van Schaik, Pretoria. (Louw, Taalfasette, 1968, Deel 5.)
4. Cole, D.T. : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
6. Lombard, D.P. : Die Morfologie van Deverbatiewe Naamwoorde in Noord Sotho, Pret. 1969. (Lombard, 1969.)
6. du Plessis, J.A. : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
7. McLaren, J. : A Xhosa Grammar, Longmans, Cape Town, 1955, 4th ed. (McLaren, 1955.)
7. (Rev. by G.H. Welsh) : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
8. Meinhof, C. : Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen, Reimer, Berlin 1948. (Meinhof, 1948.)
8. Haddon, E. : Die Xhosa-taal, J.A.L. 1966.
9. Mncube, F.S.M. : Xhosa Manual, Juta, Cape Town. 1951, pp. 97 - 105.

10. Pahl, H.W. : IsiXhosa sebanga LeMatriki, Afrikaanse Pers 1967. (Pahl, 1967.)
11. Ziervogel, D. : A Grammar of Swazi, Wits. Univ. Press, Johannesburg, 1952. (Ziervogel, 1952.)
10. Louw, J.A. : Handboek van Xhosa (Tong Pers., Johannesburg, 1963.)
12. Ziervogel, D. en Louw, J.A. : Xhosa II, Studiegids 2. (Cambridge Univ. Press, London, 1969.)
12. McLaren, J. : A New Concise Xhosa-English Dictionary (Longmans, Cape Town. New ed.

LYS VAN GERAADPLEEGDE PUBLIKASIES.

- 1.3. Bloomfield, L. : Language. (Allen & Unwin, London, 1933, 1967.)
2. Bourquin, W. : The Prefix of the Locative in Kafir. (J.C. (Jr.) : (Bantu Studies, Vol. 1, pp. 17-19.)
3. Coertze, P.J. : Die betekenis en funksie van die voorvoegsel van die sewende klas van Selfstandige naamwoorde in die Sotho-Tswana-groep van Bantoetale. (Bantu Studies, Vol. 10, 1936, pp. 75 - 88.)
- 4.5. Cole, D.T., Mathiso, M. et al. : An Introduction to Tswana Grammar. (Longmans, Cape Town, 1955.)
5. Doke, C.M. : Textbook of Zulu Grammar. (Longmans, Cape Town, 1963.)
6. du Plessis, J.A. : Die Morfologie van die Naamwoord en Voornaamwoord in die Sotho-tale. (M.A. verhandeling U.P., 1963.)
7. Groenewald, P.S. : Morfologiese verdubbeling in Noord-Sotho. (M.A. verhandeling, U.P., 1960.)
8. Haddon, E. : The Locative in Bantu. (African Studies, Vol. 10, No. 3, Sept. 1951, pp. 97 - 105.)

9. Lestrade, G.P. : Locative-class Nouns and Formatives in Sotho. (Bantu Studies, Vol. 12, pp. 35 - 62.)
10. Louw, J.A. : Handboek van Xhosa. (Bona Pers, Johannesburg, 1963.)
11. Lyons, J. : Introduction to Theoretical Linguistics. (Cambridge Univ. Press, London, 1969.)
12. McLaren, J. : A New Concise Xhosa-English Dictionary (Longmans, Cape Town. New ed. 1963.)
13. Nida, E.A. : Morphology. (Univ. of Michigan Press, 8th printing, 1963.)
14. Oosthuizen,
J.C. (Jr.) : Leer Self Xhosa. (Juta, Kaapstad, 1958.)
15. Posthumus, M.J. : Morfologie uit Inleiding tot die Taalkunde, pp. 101 - 122. (red. H.J.J.M. v.d. Merwe, Van Schaiks, Pretoria, 1969.)
16. Riordan, J.,
Mathiso, M. et
al. : Lumko Self-instruction course in Xhosa. (Lumko Institute, Rhodes Univ. Grahamstown, 1969.)
17. Van Eeden, B.I.C. : Zoeloe-Grammatika. (Univ. Uitgewers, Stellenbosch, 1956.)
18. Van Wyk, E.B. : Die Bantoetale. (Van Schaiks, Pretoria, 1966.)
19. : Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap. (Univ. Pret. Publikasie reeks Nr. 20, 1962.)

20. Ziervogel, D. : Handboek van Noord-Sotho. (Van Schaiks, Pretoria, 1969.)
21. : Notes on the Noun classes of Swati and Nrebele. (African Studies, Vol. 7, Nos. 2 - 3, 1948, pp. 59 - 70.)
22. : Studiegids I, Hons. B.A. Bantoetale, (Unisa.)

@@